BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: _____

SALOMO SE MOOISTE LIED

DEEL 2: UITGAAN EN TROU

Psalm 128:1(NLV) Geseënd is hulle wat die Here dien, wat wandel op sy weë

1 Korintiërs 7:7(NLV) Eintlik sou ek wens dat almal – soos ek – sonder die huwelik sou regkom. Maar ons het verskillende gawes van God ontvang, die een hierdie, die ander een weer ander .

Psalm 34:4 Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.

Hooglied 2:8-17(AFR20) Luister! My liefste! Kyk! Daar kom hy, al bokspringend oor die berge, al huppelend oor die heuwels! 9 My liefste is soos 'n ribbok, soos 'n jong rooitakbok. Kyk! Hy staan agter ons huismuur, hy kyk by die vensters in, hy loer deur die latwerk. [10] My liefste antwoord my, hy sê vir my: “Staan op, my liefling, my mooiste, en kom! [11] Want kyk, die winter het verbygegaan, die reën is verby, dit het opgeklaar. [12] Die veld staan in die blom. Die tyd om te sing het aangebreek, die gekoer van die tortelduiwe klink op in ons land. [13] Die vyeboom laat sy groen vye uitswel, die wingerd bot en versprei sy geur. Staan op, my liefling, my mooiste, en kom! [14] My duif in die rotsskeure, in die skuilplekke teen die bergkrans – laat my jou gesig sien, laat my jou stem hoor, want jou stem is soet en jou gesig is pragtig.” [15] Vang vir ons die jakkalse – die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, ons wingerde wat bot. [16] My liefste is myne en ek is syne, hy wat tussen die narsings wei. [17] Totdat die dag begin asemhaal en die skaduwees vlug: Draai om, my liefste, wees soos 'n ribbok, soos 'n jong rooitakbok op die tweelingheuwels.

Hooglied 3:5-11(AFR20) …Moenie die liefde aanwakker nie, moet dit nie opwek nie, voordat dit nie self wil ontwaak nie. [6] Wat kom daar aan uit die woestyn soos suile rook, omhul van mirre en wierook, van al die beste speserye van die handelaar? [7] Kyk, dit is Salomo se drastoel, omring deur sestig dapper manne, van die dapperstes in Israel, [8] almal bedrewe met die swaard, ervare krygers, elkeen met sy swaard op sy heup, bedag op nagtelike gevare. [9] Koning Salomo het vir hom 'n drastoel gemaak van hout uit die Libanon. [10] Die style het hy van silwer gemaak, die dak van goud, die sitplek van purperstof, die binnekant is uitgevoer met leer. Meisies van Jerusalem, [11] kom uit! Meisies van Sion, kom kyk na koning Salomo, na die kroon waarmee sy moeder hom gekroon het, op sy troudag, op die dag toe sy hart oorstelp van vreugde was.

Efesiërs 5:21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Efesiërs 5:22 Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.

Efesiërs 5:25 Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

Spreuke 5:18-19 Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, [19] so vol liefde, so mooi soos 'n takbok, soos 'n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm.

Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui